**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 MEI 2021 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/05/2021**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter ‘n skriflesing doen uit Efesiërs hoofstuk 6 vers 12.

***

**BKN002/05/2021**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer De Vries – ander munisipale verpligtinge
Raadsdame Crafford – ander munisipale verpligtinge
Raadslid Wessels – ander munisipale verpligtinge
Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Finansiële Dienste – siekverlof
Direkteur Tegniese Dienste – Gesinsverantwoordelikheidsverlof

***

**BKN003/05/2021**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/05/2021**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 15 APRIL 2021</u>**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter hou die notule voor vir goedkeuring.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 15 April 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/05/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 15 APRIL 2021**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter hou die Implementeringsverslag voor vir kennisname.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Donderdag 15 April 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN006/05/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/05/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/05/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

1. Dat 'n vuur in Porterville nie geblus kon word nie, aangesien daar nie 'n brandweervoertuig beskikbaar was nie;
2. Dat die moontlikheid ondersoek word om die vakante pos Hoof: Rampbestuur te vul, aangesien daar 'n tekort in brandweerpersoneel is; en
3. Dat Wetstoepassingspersoneel by die onderskeie parkies in Piketberg geplaas word om vandalisering te bekamp wat tans in die parkies gebeur.

***

**BKN009/05/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/05/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/05/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: HERROEP VAN BESLUIT: BESIGHEIDSLISENSIEBELEID HERSIENING: DONDERDAG 11 MAART 2021**
**9/1/2**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in en meld dat die besluit soos geneem op Donderdag 11 Maart 2021 herroep word en 'n regstelling gemaak word by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering se besluit **BKN021/03/2021**, soos bekragtig by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, gehou op Woensdag 28 April 2021.

Dat die besluit soos volg moet lees:

1. ***Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die Besigheidslisensiebeleid goedkeur en dat die Raad kennis neem van hierdie wysigings; en***

2. ***Dat die Raad die wysigings aan die toepaslike delegasies goedkeur.***

Dat die regstelling by die Raadsbesluit ook gemaak sal word by die Raadsvergadering van Dinsdag 25 Mei 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN012/05/2021**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTES VAN ERWE 4405, 3292 EN 711 PIKETBERG**
**PB.4405, 3292 & 711**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die proses wat gevolg moet word om die plaaslike kleinboere te help om grond te bekom om hul vee te laat wei.

Uiteenlopende gesprekke word gevoer, met betrekking tot beskikbare grond waar die kleinboere wat boer met vee, permanent gevestig kan word.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee addisionele inligting en 'n kort verduideliking van die werksaamhede waarmee "Creating Hope" besig is en hoe die kleinboere wat met vee boer baat sal vind by hierdie inisiatiewe / projekte en meld dat sy aflyn met die Uitvoerende Burgemeester hierdie aangeleentheid sal bespreek.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die grondversoek om kleinvee aan te hou op gedeeltes van Erwe 4405, 3292 en 711 Piketberg **nie toegestaan word nie**, omrede dit nie

volhoubaar is om vee op hierdie eiendomme aan te hou;

2. Dat die kampdrade verwyder word deur Direktoraat Tegniese Dienste ten einde ongemagtigde beweiding op die gedeeltes grond te verhoed; en

3. Dat die kleinboere in kennis gestel word dat hulle die Departement Landbou moet kontak, met betrekking tot beskikbare grond waarvoor hulle aansoek kan doen.

***

**BKN013/05/2021**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2224 PORTERVILLE**
**PTV.2224; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste gee addisionele inligting en meld dat die Voorsieningskanaalbestuursbeleid asook die MFMA ‘n tenderproses vereis.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erf 2224 Porterville nie benodig word vir munisipale Dienslewering;

2. Dat Erf 2224 Porterville vir Residensiële doeleindes vervreem (verkoop) word in terme van die voorsieningskanaalbeleid:

    (a) teen Erf waardasie (R57000.00) + waardasie kostes (R3000.00) + plus landmeterkostes (R6830.00) + advertering (R3170.00), as ‘n inset prys van R70 000.00 (BTW Ingesluit);

    (b) Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;

    (c) Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees dat die eiendom sal aansluit by munisipale ingenieursdienste soos voorsien tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste; en

3. Dat ‘n tender proses gevolg word ooreenkomstig die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

***

**BKN014/05/2021**
**COMPOSITION AND MEETING QUORUM OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)**
**15/1/7**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee ‘n aanvullende verduideliking oor die rede vir die verandering soos aanbeveel in die verslag.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the content of the report is noted; and

2. That the composition and number of members that make up a quorum be amended as follows: *That the Municipal Planning Tribunal (MPT) consists of six (6) members namely, any four (4) senior employees in the full-time service of the Municipality as appointed by Council to the MPT, and two (2) external, suitably qualified persons who are not employees of the Municipality or municipal councillors and are qualified town planners; of which at least 50% plus one make up the quorum of which one (1) must be an external member.*

***

**BKN015/05/2021**
**<u>LEASE AGREEMENT: BOKKOMLAAN VISHUIS NO.11 ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**7/2/3/2; V.486**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

**<u>RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council's intention with the future dealings of Vishuis No. 11, be confirmed, in order to allow the Administration to undertake the necessary processes as may be required; and

2. That the lease agreement of Vishuis No. 11 be extended for 12 months until 30 June 2022 in order to allow enough time to comply with the legal timeframes applicable to a tender process.

***

**BKN016/05/2021**
**<u>BERGHOFF: HUUR VAN GROND VIR BEDRYF VAN MODULÊRE BIBLIOTEEK</u>**
**17/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in en hou die aanbeveling voor vir goedkeuring.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die huurkontrak met Mnr. Huysamer vir die modulêre Biblioteek te Berghoff, na aanleiding van die proses wat gevolg is in ooreenstemming met subartikel 116(3), van artikel 56 van die MFMA (2003). Die huurkontrak sal aangegaan word vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande. Elke 2 jaar sal die nodige wysiging gedoen word om sodoende gelykmatig en geldig te bly;

2. Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n huurkontrak aangaan om die ongeveer 80m² in die skoolterrein van Berghoff Primêr, op Pampoenfontein 187, restant van gedeelte 32, Porterville, van Berghoff Boerdery BK (Mnr. M Huysamer) te huur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2030 teen 'n bedrag van R 30 000.00 per jaar (BTW uitgesluit), met 'n eskalasie van 3% per jaar daarna, vir die bedryf van Berghoff Biblioteek;

3. Dat Mnr. Huysamer verantwoordelik is vir die instandhouding van die grond en die verskaffing van dienste (elektrisiteit, water, riool en vullisverwydering), asook vir die betaling daarvan;

4. Dat die huur vooruit betaalbaar sal wees in jaarlikse paaiemente, nl. 1

Julie tot 30 Junie van elke finansiële jaar en 'n faktuur moet deur die verhuurder daarvoor ingedien word; en

5. Dat die huur betaal sal word vanuit die jaarlikse toekenning soos ontvang vanaf die Provinsiale Biblioteekdiens.

***

**BKN017/05/2021**
**<u>REVIEW OF THE PEFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER</u>**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That the reviewed Performance and Audit Committee Charter be approved by Council.

***

**BKN018/05/2021**
**<u>REVIEW OF THE RISK MANAGEMENT POLICIES</u>**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That the Risk Management policies be approved by Council.

***

**BKN019/05/2021**
**<u>INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE (IKT) BELEIDE</u>**
**6/2/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die "ICT Security Controls Policy", die "Firewall Policy" en die "ICT Operating Systems Control Policy" goedkeur;

2. Dat die "ICT Security Controls policy" die volgende bestaande beleide vervang:

   a. "IT Data & System Security Policy",
   b. "Network Document Policy",
   c. "Policy Regarding Mobile data connections",
   d. "Network Security Policy",
   e. "Wireless Access Policy",
   f. "Intrusion detection policy"; en

3. Dat die "ICT Operating Systems Control Policy" die volgende bestaande beleide vervang:

   a. "Network Security Policy",

b. "System Lockdown Policy",
c. "Server Monitoring Policy",
d. "Patch Management Policy".

***

**BKN020/05/2021**
**BTO BEMARKING IN GOEDVERWACHT EN MOTIVERING VIR ANDER FONDSE**
**12/2/3/42**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering vir bespreking.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN021/05/2021**
**REVIEW AND APPROVAL OF STRATEGIC RISK REGISTER**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee review and approve the current Strategic Risk Register.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN022/05/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN023/05/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN024/05/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN025/05/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN026/05/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN027/05/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***